Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1380**(A)**(J22)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# OPENBARE FINANSIES N5

(21010045)

**22 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

**VRAAG 1**

Voltooi die volgende sinne deur die woord of woorde in te vul wat ontbreek. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ... samel belasting namens die staat in.

1.2 Deelnemende demokrasie beteken ... deur belastingbetalers, verbruikers (gebruikers) van die openbare sektor in die finansiële besluitnemingsproses.

1.3 Die ... oudit finansiële state van alle rekenpligtige amptenare op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak.

1.4 Totale inkomste van alle regeringsinstellings uit alle bronne word … genoem.

1.5 'n Stelsel van vrye assosiasie waarvolgens die regering nie in private ekonomiese/maatskaplike aktiwiteite van individuele burgers of groepe inmeng nie, word ... genoem.

1.6 Die finansiële behoefte word ooreenkomstig 'n gemiddelde diensvlakstandaard, naamlik die ... gemeet.

1.7 ... word gemaak vir die befondsing van spesifieke kapitaalprojekte soos behuising, die bou van damme en paaie, watertoevoer, ensovoorts.

1.8 Die gewenste minimum diensvlakke asook die koste daarvan om sodanige minimum dienste te lewer word volgens die … bepaal.

1.9 ... bepaal of fondse in 'n bepaalde finansiële jaar in ooreenstemming met die wetgewer se wense bestee word.

1.10 'n Groep mense wat gekies is en oor die gesag en verantwoordelikheid beskik om wette vir die volk te maak word die ... genoem.

1.11 ... is die sentrale bank van die Republiek van Suid-Afrika en word volgens 'n parlementswet gereguleer.

1.12 Die fonds waarin alle inkomste inbetaal word wat deur die sentrale regering ingesamel word, word die ... genoem.

1.13 ... is 'n jaarlikse plan van wat die regering wil bereik en hoe die regering die geld sal bestee om sy doelwitte te bereik. Dit is ook die regering se belangrikste ekonomiese instrument.

1.14 ... beteken dat elke politieke ampsdraer en openbare amptenaar in die openbaar moet rekenskap gee van hul optrede en aktiwiteite.

1.15 ... het betrekking op die bestuur van openbare fondse en geld.

(15 × 2) **[30]**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

**VRAAG 2**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Personeeldienste bied ondersteuning in die verskaffing van personeel deur posontledings, mensehulpbronbeplanning, werwing, opleiding, ens.

2.2 Suiwer demokrasie beteken dat die gesag om te regeer indirek in die hande van die mense lê eerder as dat dit deur hul verteenwoordigers uitgeoefen word.

2.3 Die woord "onversadigbaar" beteken onvervuld, onlesbaar of onbevredigbaar.

2.4 Die Direkteur-generaal aanvaar volle verantwoordelikheid vir departemente se finansiële transaksies.

2.5 Gelyke verdeling beteken dat 'n billike, redelike en regverdige toewysing van belastinggesag en van fondse noodsaaklik is vir goeie finansiële verhoudings op interregeringsvlak.

2.6 Ooreenkomstig die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996, kan die Parlement 'n mosie van wantroue in die kabinet, wat die president insluit, aanvaar.

2.7 Maatskaplike welsyn waarborg individuele mededinging vir entrepreneurs.

2.8 Die gemiddelde kriterium beteken dat die finansiële behoefte gemeet word ooreenkomstig 'n gemiddelde diensstandaard.

2.9 Die begroting word gebruik om te bepaal wat die bepaalde departement van plan is om aan dienste te bestee en dit moet in die parlement bespreek word sodat alle politieke verteenwoordigers van alle partye 'n kans het om te bepaal of dit geïmplementeer word.

2.10 Gevangenskap beteken die beskerming van lewe van individue en gemeenskappe teen bedreigings, asook die beskerming van privaat eiendom.
(10 × 2) **[20]**

**VRAAG 3**

3.1 Die staat bedryf winsgewende ondernemings wat inkomste genereer waaruit die regering sy begroting finansier.

Gee VYF voorbeelde van staatsondernemings. (5 × 2) (10)

3.2 Verduidelik VIER funksies van die uitvoerende gesag op sentrale-regeringsvlak. (4 × 3) (12)

3.3 Noem die Tesourie se magte om dispensasie toe te staan. (3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.4 | Noem VIER finansiële beleide wat die land volgens Gildenhuys (1993:183) oorweeg en debatteer. | (4 × 3) | (12) |
| 3.5 | Noem VYF hoofdoelwitte van privatisering. | (5 × 2) | (10) |
| | | | **[50]** |

**VRAAG 4**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Noem SES doelwitte van die laissez-faire-stelsel. | (6 × 2) | (12) |
| 4.2 | Beskryf in detail hoe meerderheidsbesluit gesamentlik geneem moet word. | (3 × 2) | (6) |
| 4.3 | Verduidelik die sentrale regering se rol in die finansiering van openbare instellings. | (5 × 2) | (10) |
| 4.4 | Noem ELF voorbeelde van belastings as bron van provinsiale inkomste. | (11 × 2) | (22) |
| | | | **[50]** |

**VRAAG 5**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Noem SES doelwitte en doelstellings van die regering. | (6 × 2) | (12) |
| 5.2 | Noem die take en funksies van die voorsitter van die finansiële komitee. | (9 × 2) | (18) |
| 5.3 | Verduidelik die rol van departementele finansiële beamptes. | (5 × 2) | (10) |
| 5.4 | Noem VYF voorbeelde van spesiale fondse en rekeninge. | (6 × 2) | (10) |
| | | | **[50]** |
| | | **TOTAAL:** | **200** |

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou